# SKOOLDRAG VAN ʼN OOSIE

Ouers word versoek om die **voorgeskrewe skooldrag** by een van die leweransiers, bv. Totiusdal Handelshuis (Codonialaan, Waverley), Select Outfitters (Cobham Road, Queenswood), of by die Oosie-klerewinkel (op die skool se terrein) aan te koop. Dit bring eenvormigheid mee wat absoluut noodsaaklik is.

Die skool het ook 'n klerebank waar tweedehandse klere per afspraak gekoop kan word.

## DOGTERS - SKOOLDRAG

| SOMERSDRAG | WINTERSDRAG |
|---|---|
| **ROMP:** donkerblou. Mag nie afgewerk of vernou word nie.<br><br>**HEMP:** voorgeskrewe insteekhemp.<br><br>**DAS:** voorgeskrewe das. Mits die somershemp (soos die wintershemp) 'n boonste hempsknoop het wat die das netjies in posisie sal hou.<br>Matrikulante: spesiale das.<br>VLR: spesiale das.<br><br>**KLEURBAADJIE(S):** voorgeskrewe baadjie. Geen sweetpakbaadjie saam met skooldrag nie.<br><br>**TRUI/OORTRUI:** slegs voorgeskrewe.<br>Matrikulante (voorgeskrewe oortrui).<br><br>**KOUSE:** kort voorgeskrewe kouse<br>Martrikulante (“bobby socks”).<br><br>**SKOENE:** swart standaard skoolskoene met plat hak. | **ROMP/LANGBROEK:** donkerblou.<br>Mag nie afgewerk of vernou word nie.<br><br>**HEMP:** langmou, blou insteekhemp.<br><br>**DAS:** voorgeskrewe das.<br>Matrikulante: spesiale das.<br>VLR: spesiale das.<br><br>**KLEURBAADJIE:** voorgeskrewe kleurbaadjie verpligtend. Geen sweetpakbaadjie saam met skooldrag nie.<br><br>**TRUI/OORTRUI:** slegs voorgeskrewe. Dra saam met baadjie.<br>Matrikulante (voorgeskrewe oortrui).<br><br>**KOUSE:** donkerblou, lang broekiekouse (saam met rompie).<br>Matrikulante (“bobby socks” - langer kouse)<br><br>**SKOENE:** swart standaard skoolskoene met plat hak.<br><br>**SERP:** slegs voorgeskrewe skoolserp.<br><br>**SWEETPAKBAADJIE:** geen sweetpakbaadjie.<br><br>**1STE SPAN SPORTBAADJIES:**<br>voorgeskrewe. Slegs op Vrydae. |

## DOGTERS - VOORKOMSREËLS

| | |
|---|---|
| **ROMPE**<br>• Voorgeskrewe romp word in die somer en winter gedra.<br>• Lengte wanneer dogters kniel – 5 cm van die grond af.<br>• Mag nie afgewerk of vernou word nie.<br><br>**LANGBROEKE**<br>• Voorgeskrewe langbroek word slegs in die winter gedra.<br><br>**SKOENE**<br>• Slegs swart standaard skoolskoene met veters of gespes met 'n plat hak. Geen patrone, klinknaels op die skoene nie. Geen stewels nie.<br>• Skoene moet daagliks skoon en blink wees en veters vasgemaak. | **HEMDE**<br>• Maak die boonste hempsknoop vas winter)<br>• Kortmouhemde in die somer en langmou in die winter<br>• Hemde moet te alle tye by die romp ingesteek wees.<br><br>**DASSE**<br>• Dasse moet netjies geknoop word met die breë kant na voor.<br>• Dasse mag nie afgestik word om smaller te vertoon nie.<br>• Die das moet so geknoop word dat die onderkant van die boonste deel van die das net aan die band van die gordel raak. |

**TRUIE/OORTRUIE**
- Geen truie met embleme op nie.
- Truie se moue mag nie opgestoot word nie.
- Uitgerekte of uitgerafelde truie is nie toelaatbaar nie.
- Voorgeskrewe blou oortrektrui (mouloos) is toelaatbaar.
- Trui/Oortrui word in die winter gedra en nie sonder die skoolbaadjie nie.

**FORMELE DRAG**
- Funksies en formele geleenthede.
- Amptelike wintersdrag.
- Kleurbaadjie verpligtend.

- **KOUSE**
- Die amptelike kouse word by beide die rompie en langbroek gedra.
- Kouse moet te alle tye opgetrek wees.

**KLEURBAADJIE(S)**
- Blou skoolkleurbaadjie (alle leerders)
- Verpligtend vir die winter.
- Penningbaadjie (prestasie gebonde)
- Verpligtend vir die winter.
- Die baadjie word nie uitgeleen nie
- Slegs die leerders aan wie die prestasie toegeken is, word toegelaat om die baadjie dra.
- Met oortredings/negatiewe gedrag wat die dra van **'n** penningbaadjie in oneer bring, kan die voorreg van die leerder ontneem word.

**1STE SPAN SPORTBAADJIES:**
- Voorgeskrewe. Slegs op Vrydae.

**SPORTDRAG**
- Amptelike sportdrag.

**OOSIE-DRAG**
- Voorgeskrewe Oosie-drag net by geleenthede soos deur die bestuur goedgekeur.

**JUWELE**
- Slegs funksionele polshorlosies, slimhorlosies, sonder tierlantyntjies (bande nie breër as 3cm) mag gedra word.
- “Medic-alert” hangertjies, bandjies of armketting mag gedra word.
- Seëlringe mag gedra word.
- Oorringe: knoppies/ringetjies (goud of silwer) of wit pêrel oorbelle (3mm - een per oor) in die onderste gaatjie. Geen plastiek oorbelle of steentjies van enige aard is toelaatbaar nie.
- Tongringe, neusringe, oogringe of lipringe word nie toegelaat nie.
- Geen ander juweliersware mag gedra word nie (armbande, ringe, kettings, ens.).

**HARE**
- ‘n Netjiese, natuurlike haarstyl gepas vir skooldogter.
- Kuif vasgesteek en nie oor oë Indien hare oor die kraag hang, moet dit vasgemaak wees.
- Hare mag nie gekleur (sonstrepe, verbleik, veelkleurig) of gejel wees nie.
- Geen afwykende, uitheemse haarstyle of giere nie.
- Hare moet uit die gesig vasgemaak wees. Geen slierte nie.
- Geen haarbande, kopbande, of uitspattige versierings (haar of tandhaarknippe) mag gedra word nie.
- Geen mohawk of mullet nie.
- Linte, bolletjies en rekkies (in die skool se kleure) kan gebruik word om hare vas te bind.

**GRIMERING**
- Geen permanente of ander grimering mag gedra word nie.
- “Lip gloss” word nie toegelaat nie.

**TATOEËERMERKE**
- Tatoeëermerke word nie toegelaat nie.
- Enige bestaande tatoeëermerke mag nie by enige skoolaktiwiteit of terwyl die leerder in skooldrag geklee is, sigbaar wees nie. 'n Wit “sleeve” moet gedra word.

**NAELS**
- Naels moet kort, skoon en netjies gehou word. Geen vals, gekleurde of jel naels nie.

**KONTROLE**
- Gereelde kontrole sal gehou word. Vriendelike samewerking sal hoog op prys gestel word.

## SEUNS - SKOOLDRAG

| SOMERSDRAG | WINTERSDRAG |
|---|---|
| **BROEK:** grys, kort of lank. Broekspype nie afgewerk of vernou nie.<br><br>**HEMP:** voorgeskrewe hemp.<br><br>**DAS:** voorgeskrewe das. Mits die somershemp (soos die wintershemp) 'n boonste hempsknoop het wat die das netjies in posisie sal hou.<br>Matrikulante: spesiale das.<br>VLR: spesiale das.<br><br>**KLEURBAADJIE(S):** voorgeskrewe. Geen sweet-pakbaadjie saam met skooldrag nie.<br><br>**TRUI/OORTRUI** – slegs voorgeskrewe<br>Matrikulante (voorgeskrewe oortrui)<br><br>**KOUSE:** : voorgeskrewe lang, grys skoolkouse.<br><br>**SKOENE:** swart standaard skoolskoene met veters en dun sole, sonder klinknaels/gespes. Nie stewels of "vellies" nie.<br><br>**BELT/GORDEL:** swart belt/gordel met 'n standaard gespe (geen modegiere nie) | **BROEK:** grys, kort of lank. Broekspype nie afgewerk of vernou nie.<br><br>**HEMP:** langmou, blou insteekhemp.<br>'n Wit T-hemp mag as onderhemp gedra word, maar mag nie sigbaar wees nie.<br><br>**DAS:** voorgeskrewe das.<br>Matrikulante: spesiale das<br>VLR: spesiale das<br><br>**KLEURBAADJIE:** voorgeskrewe kleurbaadjie verpligtend. Geen sweetpakbaadjie saam met skooldrag nie.<br><br>**TRUI/OORTRUI:** slegs voorgeskrewe. Dra saam met baadjie.<br>Matrikulante (voorgeskrewe oortrui).<br><br>**KOUSE:** voorgeskrewe lang, grys kouse.<br><br>**SKOENE:** swart standaard skoolskoene met veters en dun sole, sonder klinknaels/gespes. Nie stewels of "vellies" nie.<br><br>**BELT/GORDEL:** swart belt/gordel met 'n standaard gespe (geen modegiere nie)<br><br>**SERP:** slegs voorgeskrewe skoolserp.<br><br>**SWEETPAKBAADJIE:** geen sweetpakbaadjie.<br><br>**1STE SPAN SPORTBAADJIES:**<br>voorgeskrewe. Slegs op Vrydae. |

## SEUNS - VOORKOMSREËLS

| | |
|---|---|
| **LANGBROEKE**<br>• Dra 'n bypassende swart leergordel met 'n standaard gespe (geen modegiere) by die broek.<br>• Die pype van die broek moenie ingewerk word tot 'n styf, noupassende voorkoms nie.<br>• Geen ingeplooide broeke word toegelaat nie.<br><br>**SKOENE**<br>• Slegs swart standaard skool-skoene met veters, wat nie klinknaels, skerp punte het of die steweltipe is nie.<br>• Skoolskoene moet dun rubber-sole hê en geen nate bo-op nie.<br>• Skoene moet daagliks skoon en blink wees en veters vasgemaak.<br><br>**HEMDE**<br>• Maak die boonste hempsknoop vas (winter).<br>• Kortmouhemde in die somer en langmou in die winter | • Hemde moet te alle tye by die broek ingesteek wees.<br><br>**DASSE**<br>• Dasse moet netjies geknoop word met die breë kant na voor.<br>• Dasse mag nie afgestik word om smaller te vertoon nie.<br>• Die das moet so geknoop word dat die onderkant van die boonste deel van die das net aan die band van die gordel raak.<br><br>**TRUIE/OORTRUIE**<br>• Geen truie met embleme op nie.<br>• Truie se moue mag nie opgestoot word nie.<br>• Uitgerekte of uitgerafelde truie is nie toelaatbaar nie.<br>• Voorgeskrewe blou oortrektrui (mouloos) is toelaatbaar.<br>• Trui/oortrui word in die winter gedra en nie sonder die skoolbaadjie nie |

**FORMELE DRAG**

Funksies en formele geleenthede.

- Amptelike wintersdrag.
- Kleurbaadjie verpligtend.

**KOUSE**

- Die amptelike kouse word by beide die kort- en langbroek gedra.
- Kouse moet te alle tye opgetrek wees.

**KLEURBAADJIE(S)**

- Blou skoolkleurbaadjie (alle leerders)
- Verpligtend vir die winter.
- Penningbaadjie (prestasie gebonde)
- Verpligtend vir die winter.
- Die baadjie word nie uitgeleen nie
- Slegs die leerders aan wie die prestasie toe-gekenis,wordtoegelaatomdiebaadjietedra.
- Met oortredings/negatiewe gedrag wat die dra van 'n penningbaadjie in oneer bring, kan die voorreg van die leerder ontneem word.

**SPORTDRAG**

- Amptelike sportdrag.

**OOSIE-DRAG**

- Voorgeskrewe Oosie-drag net by geleenthede soos deur die bestuur goedgekeur.

**JUWELE**

- Slegs funksionele polshorlosies/slimhorlosies (bande nie breër as 3cm) mag gedra word.
- “Medic-alert” hangertjies, bandjies of armketting mag gedra word.
- Tongringe, neusringe, oogringe of lipringe word nie toegelaat nie.
- Geen ander juweliersware mag gedra word nie (armbande, ringe, kettings, ens.).

**HARE**

- Netjiese, kort haarstyl, bo die oor en kraag (geen modegiere nie).
- Kuif raak nie aan die wenkbroue nie.
- Hare moet in styl en lengte in verhouding met mekaar wees.
- Hare mag nie gekleur (sonstrepe, verbleik, veelkleurig) of gejel word nie.
- Seuns, wie se baard en snor begin groei het, moet daagliks skeer.
- Bakkebaarde moet kort gehou word.
- Wangbaarde nie laer as die middel van die oor nie.
- Geen mohawk of mullet nie.
- Elke seuns se hare sal individueel beoordeel word met inagneming van hul haartipe (krul of steil hare)

**TATOEËERMERKE**

- Tatoeëermerke word nie toegelaat nie.
- Enige bestaande tatoeëermerke mag nie by enige skoolaktiwiteit of terwyl die leerder in skooldrag geklee is, sigbaar wees nie. 'n Wit “sleeve” moet gedra word.

**NAELS**

- Naels moet kort, skoon en netjies gehou word.

**KONTROLE**

- Gereelde kontrole sal gehou word. Vriendelike samewerking sal hoog op prys gestel word.

## FORMELE OOSIE-DRAG

Formele drag word tydens **prysuitdelings, seremonies, formele geleenthede** en wanneer versoek gedra.

1. Amptelike wintersdrag van die skool.
2. Skoolkleurbaadjie is verpligtend.

## INFORMELE, VOORGESKREWE OOSIE-DRAG (SEUNS/DOGTERS)

Voorgeskrewe Oosie-drag word, soos versoek gedra.

1. Blou voorgeskrewe Oosie-hemp.
2. Blou voorgeskrewe Oosie-broek.

## SLENTERDRAG (SEUNS/DOGTERS)

Die kleredragbeleid vir **informele dae** is 'n duidelike riglyn vir die leerders sodat hulle sal weet watter slenterdrag toegelaat sal word op informele dae.

- Geen ontblotende hempies of rokkies nie (spaghetti-bandjies verbode).
- Die maag moet ten alle tye bedek wees / maag mag nie uitsteek nie (“boob tubes” en “crop tops” verbode).
- Rompies en kortbroeke mag nie korter as die voorgeskrewe lengte van skoolrompe of skoolbroeke wees nie.

- Onderklere mag nie sigbaar wees nie.
- Geen deurskynende klere nie. Geen gaastoppies nie.
- Simbole/prente op klere mag nie enige van die volgende uitbeeld nie: geweld, alkohol, wapens, tabak, dwelms, naaktheid, vloektaal of godslastering.
- Geen politieke slagspreuke of simbole nie.
- Geen pette of donkerbrille in die klas nie.
- Tatoeëermerke mag steeds nie sigbaar wees nie.
- Ligte grimering mag gedra word.
- Oorbelle, hangertjies en armbande mag gedra word.
- Hare mag los gedra word.
- Naels mag naellak op hê.

## DRA VAN BALKIES, FAKKEL TOEKENNINGS EN *PINS*

1. Vervat in die skoolbeleid is 'n reglement vir die toekenning van kleure en erekleure. Hierdie reglement is te enige tyd beskikbaar ter insae.
2. Slegs balkies, fakkel toekennings en *pins* wat deur die Hoërskool Oos-Moot toegeken is, mag op die skoolbaadjie gedra word. Geen ander balkie, toekenning, medalje of *pin* (hoe verdienstelik ook al) mag op die skoolbaadjie gedra word nie.
3. Wanneer 'n leerder kwalifiseer vir 'n balkie, erekleure of penning, word 'n sertifikaat toegeken wat dan by me N Visser (96) getoon moet word wanneer die betrokke balkie by haar aangekoop word.
4. Balkies word direk onder die sakwapen op die baadjie aangewerk. Die eerste balkie sal dus onder die sak aangewerk word.
5. Slegs een balkie per kategorie (bv. rugby, hokkie, kultuur, akademie, ens.) word gedra.
6. Wanneer erekleure die eerste keer toegeken word, verander die skoolwapen van 'n katoenwapen na 'n goue lourierwapen. Terselfdertyd verander die oorblywende balkies (in 'n ander kategorie) na goue balkies.
7. Elke graad 8-leerling ontvang 'n Oosie-druppel lapelwapen na afloop van die groentjiekonsert. Die druppel word soos volg gedra:
   - op die hoekie van die skoolhemp se kraag; of
   - links op die skoolkleurbaadjie se lapel.
8. Enige oortreding en/of negatiewe gedrag wat die dra van 'n penningbaadjie in oneer bring, mag tot gevolg hê dat die voorreg om 'n penningbaadjie te dra, die leerder ontneem kan word (na gelang van omstandighede en volledige ondersoek).